21.14 BESWAARSKRIF GEREF KERK BRITS-WES TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2006 OOR VROUE IN DIE AMP (Artt 19, 41, 258)

A. **Besluit:** Die Rapport van die Studiedeputate wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006, is met die rojering van die besluit (kyk Rapport by 21.13 in Handelinge 2009) nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie.

A. **BESWAARSKRIF**

1. Verloop van gebeure

1.1 Sinode 1988 neem 'n besluit dat vroue nie in die besondere kerklike ampte mag dien nie. (Acta 1988, art 98, in besondere punte 3.6.5 (p519), 3.7.2 en 3.7.3 (p522)).

1.2 Daar volg verskeie Beswaarskrifte op hierdie besluit (bv Acta 1994:467). Steeds word die besluit van 1988 gehandhaaf.

1.3 Daar was egter ook 'n Beskrywingspunt waaroor die Sinode 2000 moes besluit. Sinode 2000 wys Studiedeputate aan om die plek van die vrou in die kerk te ondersoek met vorige besluite as vertrekpunt (Acta 2000:440-441, 21.8 E).

1.4 Sinode 2003 besluit op advies van die Studiedeputate dat die vrou wel in die amp van diaken kan dien (Acta 2003:591, art 21.11).

1.5 Op Sinode 2006 dien daar 'n Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld (gegrond op KO, artt 31 en 46) teen hierdie besluit. Die Beswaarskrif slaag en Sinode 2006 neem sekere besluite (Acta 2006:415-416, art 54, asook Acta 2006, art 277, N.62)

2. Die besluit waarteen beswaar gemaak word

Acta 2006:415-416, art 54, pt3 (**Bylae A**)

1. Die besluit van die Sinode 2006 oor die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld hou in dat die besluit van Sinode 2003 waarvolgens vroue tot die amp van diaken verkies kon word, in die lig van KO, art 46, nie geneem kon word nie.

2. Die feit dat die beswaar van Partikuliere Sinode Bosveld geslaag het, hou volgens hierdie voorstel in dat alle sake wat voortspruit uit die Rapport van 2003, nie verder op hierdie Sinode (2006) gehanteer kan word nie.

3. Studiedeputate word aangewys om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie, met inagneming van alle relevante materiaal, insluitend dié op tafel van Sinode 2006 sowel as die inhoudelike van die Rapport van Sinode 1988. Hierdie studie moet duidelike gronde aandui indien enige Sinodebesluit deur sy aanbevelings verander moet word, sodat 'n vas en bindende besluit oor hierdie saak deur die betrokke Sinode geneem kan word.

4. Aangesien 'n aantal vroue op grond van die besluit van Sinode 2003 tot die diakendiens verkies en bevestig is en met erns hierdie diens verrig, word kerke in die lig van KO, art 30 geadviseer om die volgende in berekening te bring:

(a) Dat die saak van vroue wat in die amp van diaken op grond van die besluit van 2003 verkies is en dien, met groot omsigtigheid hanteer word.

(b) Dat vroue wat reeds in die amp bevestig is, geleentheid sal ontvang om hulle ampswerk voort te sit in afwagting op die Skrifgefundeerde uitspraak oor hierdie saak by die volgende Sinode.

(c) Dat kerke in hulle besluite oor die verdere hantering van die roeping van vroue tot die amp van diaken in berekening sal bring daar uitsluitsel oor die Skrifgefundeerdheid daarvan DV eers by die volgende Sinode gegee sal word.

3. Beswaargrond met motivering

3.1 *Beswaargrond*

Die Sinode het met bogenoemde besluit in stryd met KO, art 46 opgetree.

3.2 *Motivering*

3.2.1 Die Sinode 1988 het oor die vrou in die amp soos volg besluit: "*Uit die Studierapport blyk dit duidelik dat vroulike lidmate nie in die besondere diens van Woordbedienaar en ouderling dien nie. Daar kan ook nie sonder teëspraak voldoende bewys word dat vroulike lidmate (getroud of ongetroud) in die diens van diaken dien nie*" (Acta 1988:522, 37.3).

3.2.2 Op die Sinode 2000 is die betrokke besluit van 1988 getoets aan die hand van 'n Beswaarskrif wat nie ontvanklik verklaar was nie (Acta 2000:440). (Een van die redes is juis dat daar nie nuwe materie aangebied word wat nog nie deur 'n vorige Sinode gehanteer is nie.) Aldus is die besluit van 1988 gehandhaaf. Op dieselfde Sinode is daar aan 'n Beskrywingspunt gevolg gegee deur Deputate te benoem om met inagneming van bestaande besluite studie te doen oor die "*wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik*" (Acta 2000:440-441, 21.8 E).

3.2.3 Sinode 2003 neem, sonder motivering of bepaalde getuienis van nuwe stof, die deel van die Rapport wat handel oor die vrou in die amp, ter tafel.

3.2.4 Partikuliere Sinode Bosveld het hierteen (Punt III supra) beswaar gemaak. Die Beswaarskrif het geslaag. Sinode 2006 wys egter Studiedeputate aan "*om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie"*

Daarmee is 'n saak wat reeds afgehandel is, sonder aanduiding van die noodsaaklikheid daarvan, by herhaling, wederregtelik en dus onordelik behandel. Dit is volkome in stryd met KO, art 46 wat bepaal: "*Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande Sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.*" Sinode 1988 het alreeds die Rapport van 'n Studiedeputate ter tafel geneem en 'n besluit geneem oor hierdie saak (Acta 1988, art 98, in besondere punte 3.6.5 (p519), 3.7.2 en 3.7.3 (p522)).

Van hierdie besluit het Sinode 2006 besluit "*dat daar ten opsigte van die toelating van die vrou in al die besondere ampte duidelike besluite in 1988 geneem is (vergelyk onder andere Acta 1988, art 98, in besondere punte 3.6.5 (p519), 3.7.2 en 3.7.3 (p522)). Hierdie besluite is op Skrifgronde geneem en is steeds geldig."* (Acta 2006, art 277, N.62 – **Bylae B**).

'n Geslaagde Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 1988 sou die enigste ordelike rede sou wees om 'n mandaat aan 'n Kommissie te gee om "*om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie"*.

Sinode 2006 het geen Beswaarskrif ontvang wat (na die eis van KO, art 46) die Sinode besluit in van 1988 ondersoek het en op grond van sodanige ondersoek aangeraai het dat "noodsaaklike" verandering nodig is nie. Op geen stadium word daar deur Sinode 2006 die noodsaaklikheid aangetoon waarom die besluit van 1988 verander moet word of onvoldoende is nie.

4. Versoek

Ons versoek die Sinode om, indien hierdie Beswaarskrif slaag, nie die Rapport van die 2006-Kommissie (Acta 2006:415-6) ter tafel te neem nie, maar sleg weer vir Sinode 2000 se Kommissie (Acta 2000:440-441) geleentheid te gee om die staande onuitgevoerde opdrag, uit te voer.